

**Donderdag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:15-22**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:15**

**'n Profeet soos Moses**

Moses was 'n besondere profeet gewees. Hy verduidelik God se verlossingsplan vir Israel (Eks. 6:5 ev.), naamlik die uitredding van Israel uit die slawehuis van Egipte.

Moses word verder profeties geken as die een wat God se Wet aan Israel gegee en geleer het. Dit is die profetiese getuienis oor hoe mense wat deur God uit slawerny verlos is, voor Hom moet lewe (Eks. 20:2).

Tog was Moses 'n sondige man met bloed aan sy hande (Eks. 2:12) en was hy ongehoorsaam aan God se opdrag by Kades om met die rots te praat (Num. 20:12). Sy straf is dat hy nie die beloofde land sou binnegaan nie (Deut. 32:51, 52).

Tog belowe die Here in Deuteronomium 18:15 dat Hy weer 'n profeet soos Moses sal stuur. Hy sal selfs meer as Moses wees, want Hy sal nie alleen God se woorde in sy mond hê as ware profeet nie, maar ook volmaak gehoorsaam wees deur alles te sê wat God Hom beveel (vs 18).

Johannes kondig hierdie Profeet skugter aan (Joh. 1:45); ná Pink-ster spel Petrus dit duidelik uit (Hand. 3:22) en eindelijk roep Stefanus dit uit voor 'n balhorige Joodse Raad en volk (Hand. 7:37). Dit is ons Here Jesus Christus!

Hy is baie meer as die profeet Moses (Heb. 3:3 ev.). Hy is ons hoogste Profeet wat die verlossingsplan van God vir sondaars ten volle bekend maak (HK Sondag 12). Hy red mense wat vasevang sit in die slawehuis van hulle sonde deur vir hulle met sy bloed te betaal. Met sy geboorte word daar al gesê dat Hyself die Verlosser sal wees van sy volk se sondes (Matt. 1:21). Hy is volmaak gehoorsaam aan sy Vader se opdrag om Verlosser te wees tot die dood toe.

Vir verlostes mense, mense wat onder die slawejuk van die sonde was, kom gee Hy sy Gees sodat hulle presies sal weet hoe om as verlostes te lewe. Hier-die heerlike verlossingswerk van God moet nou my en jou ganse lewe bepaal.

*Sing: Psalm 118:8, 10*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*